**8 April**

## Om geloof afhanklik te maak van ’n wonder wat gevra word

**Skrifgedeelte: Markus 8:11-13**

Dit is net menslik dat ons resultate verwag, veral as jy iets moet gee. Maklik wil ons dit ook so op die geloof toepas. Dit was wat die Fariseërs ná die vermeerdering van die brode verwag het. Gee vir ons ’n teken uit die hemel uit om te bewys dat Jesus besonders is. Miskien het hulle aan die opdrag van Deuteronomium 13 gedink waar die Here sê: As iemand vir jou vertel van ’n teken of wonder, en dit kom uit, moenie hom glo as hy sê volg ’n ander god as die Here nie. As Jesus nou ’n teken doen en die mense wil Hom volg, dan kan hulle mos sê Hy verlei hulle weg van die God van Israel. Daarom sê Jesus dat Hy geen wonder sal doen nie.

Maklik word ons prooi van die versoeking, al sê ons dit nie. Maar die stille verwagting is tog daar. Gee vir my ’n teken, Here. Al is dit net ’n fluistering of ’n gevoel. Dan sal my geloof sterker wees en kan ek vir ander bewys die Here is regtig.

Ons geloof kom wel deur ’n wonder. Die wonder van verkiesing. Die wonder van die Heilige Gees wat in ons woon. Die wonder dat ons tog bly glo, al sou ons wou voorskryf. Wees opnuut dankbaar dat die wonder van God se genade ons deel is.

*Sing: Psalm 71:5* *Dr. Kobus van Tonder (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*